http://lexikos.journals.ac.za

# 'n Woord van AFRILEX

Met die 11de uitgawe van *Lexikos* en die 6de internasionale konferensie van die African Association for Lexicography (AFRILEX) agter die rug, kan mens met reg trots wees op die suksesverhaal van AFRILEX en *Lexikos*. *Lexikos* verwerf toenemend nasionaal en internasionaal bekendheid as 'n leksikografietydskrif van besonder hoë gehalte. AFRILEX tel eweneens onder die toonaangewende leksikografieverenigings in die wêreld en 'n rekordaantal nuwe lede het vanjaar aangesluit. AFRILEX bied 'n tuiste aan almal wat belangstel in een of ander aspek van die leksikografie en speel 'n belangrike ondersteunende rol in die totstandbrenging van woordeboekeenhede vir die Afrikatale deur die Pan Suid-Afrikaanse Taalraad. Benewens die jaarlikse internasionale konferensie, fasiliteer AFRILEX 'n aantal seminare, werkswinkels en tutoriale en kommunikeer met lede deur sy nuusbrief en verskeie omsendbriewe.

Die bydrae tot die leksikografieproses van twee AFRILEX-lede vanjaar verdien besondere vermelding. Prof. Rufus Gouws het 'n leidende rol gespeel in verskeie PANSAT-geïnisieerde leksikografieopleidingsgeleenthede en as medeaanbieder van die tweedagseminaar oor die samestelling van vakwoordeboeke. Mnr. Gilles-Maurice de Schryver het baanbrekerswerk verrig met die samestelling van elektroniese korpusse vir die Afrikatale en deur die *Onoma* rekenaarprogram aanpasbaar te maak vir die samestelling van Afrikataalwoordeboeke.

Dit moet aanvaar word dat woordeboekprojekte in Suid-Afrika toenemend finansiële druk sal ervaar. So, byvoorbeeld, kon slegs 'n klein persentasie van die minimumbegroting wat nodig is vir die totstandbrenging van woordeboekeenhede vir die Afrikatale tot dusver bewillig word. In baie gevalle is woordeboekeenhede die feitlik onbegonne taak opgelê om met hoofsaaklik deeltydse personeel te funksioneer. Dié toedrag van sake plaas 'n groot morele verpligting op gevestigde woordeboekeenhede, AFRILEX en moedertaalsprekers om met raad en daad die leksikografiese proses te ondersteun.

Die Raad van AFRILEX glo dat lidmaatskap van AFRILEX (slegs R80 per jaar insluitende 'n gratis kopie van *Lexikos*) uitstekende waarde vir geld is. Ons spreek ook 'n woord van dank aan die Buro van die WAT vir die publikasie van *Lexikos* en in besonder aan dr. J.C.M.D. du Plessis vir die uitnemende werk wat hy as redakteur verrig.

Danie Prinsloo
*Voorsitter: AFRILEX*
*AFRILEX tuisblad* http://www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html

http://lexikos.journals.ac.za

# A Few Words from AFRILEX

With the 11th edition of *Lexikos* and the 6th international conference of the African Association for Lexicography (AFRILEX) now behind us, we can be proud of the success story of AFRILEX and *Lexikos*. *Lexikos* is becoming increasingly well known, both nationally and internationally, as a quality lexicographic journal. Similarly, AFRILEX now counts as one of the leading lexicographic associations in the world. A record number of new members joined this year. AFRILEX provides a home for everyone interested in some aspect or other of lexicography and plays an important supporting role in the establishment of dictionary units for the African languages through the Pan South African Language Board (PANSALB). In addition to the annual international conference, AFRILEX facilitates a number of seminars, workshops and tutorials, and communicates with its members through its newsletter and circulars.

Two AFRILEX members' contributions to the lexicography process this year deserve particular mention. Prof. Rufus Gouws played a leading role in several PANSALB-initiated lexicographic training opportunities, and was the co-presenter of a two-day seminar on the compilation of dictionaries for special purposes. Mr Gilles-Maurice de Schryver executed groundbreaking work both in the compilation of electronic corpuses for the African languages and through adapting the *Onoma* computer program for the compilation of African language dictionaries.

We should accept that dictionary projects in South Africa will, increasingly, face financial pressure. For example, only a small percentage of the minimum budget necessary for the establishment of dictionary units for the African Languages has been allocated. In many cases, dictionary units are faced with the virtually impossible task of functioning with mainly part-time staff. This state of affairs places a moral obligation on established dictionary units, AFRILEX and mother-tongue speakers to support the lexicographical process both with advice and action.

The Board of AFRILEX believes that membership fees of AFRILEX (only R80 annually, including a free copy of *Lexikos*) represent extremely good value for money. We would like to thank not only the Bureau of the WAT for the publication of *Lexikos*, but also Dr J.C.M.D. du Plessis in particular for the excellent work that he, as editor, does.

Danie Prinsloo
*Chairperson: AFRILEX*
*AFRILEX home page* http://www.up.ac.za/academic/libarts/afrilang/homelex.html